

# Assesseringsrubrieke

---

# Maatassessering van advertensie

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Naam van maat (evalueerder): \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

Bestudeer jou maat se advertensie en assesser dit deur die toepaslike kriteria te omkring:

1. Wat is jou eerste indruk van dié advertensie? Gee vir jou maat punte volgens die onderstaande kriteria:
  - 1 = Die advertensie is gewoon en trek nie dadelik die aandag nie.
  - 2 = Die advertensie is redelik en het die aandag getrek.
  - 3 = Die advertensie is goed en het dadelik die aandag getrek.
  - 4 = Die advertensie is uitstekend en is treffend uitgebeeld.
  
2. Lees nou jou maat se advertensie aandagtig deur om die taalgebruik te assesser. Onderstreep alle foute (sinsbou, spelling, leesteken, woordkeuse). Bepunt jou maat se taalgebruik volgens die onderstaande kriteria:
  - 1 = Daar is baie foute (spelling, sinsbou, leestekens) in.
  - 2 = Daar is 'n paar foute in en foutiewe woordkeuses is gebruik.
  - 3 = Slegs enkele taalfoute kom voor.
  - 4 = Die advertensie is foutloos en die taalgebruik korrek.
  
3. Het jou maat die vaardighede wat hy in die vorige opdragte geleer het, toegepas? Is daar van sintuiglike waarneming, 'n treffende idioom/ veranderde idioom of 'n vergelyking gebruik gemaak? Bepunt jou maat se advertensie deur gebruik te maak van die onderstaande kriteria:
  - 1 = Daar is nie gebruik gemaak van die genoemde vaardighede en tegnieke nie. Geen idioom of vergelyking kom voor nie en sintuiglike waarneming ontbreek.
  - 2 = Daar is slegs van enkele van die genoemde vaardighede en tegnieke gebruik gemaak. Daar kom 'n idioom of vergelyking voor, maar is ietwat geïk.
  - 3 = Genoemde vaardighede en tegnieke is goed aangewend in die saamstel van die advertensie. Daar kom 'n idioom of 'n vergelyking voor. Die sintuiglike waarneming is gewoon.
  - 4 = Genoemde vaardighede en tegnieke is byna almal toegepas in die saamstel van die advertensie. Die idioom/vergeljking is treffend ingespan. Sintuiglike waarneming kom voor.
  
4. Het jou maat kleur en illustrasies effektief aangewend? Beoordeel jou maat se advertensie aan die hand van die volgende kriteria:
  - 1 = Daar is min kleur en illustrasies gebruik en is nie funksioneel nie.
  - 2 = Daar is redelik van kleur en illustrasies gebruik gemaak maar pas nie by die inhoud nie.
  - 3 = Kleur en illustrasies is goed gebruik en sluit aan by die inhoud.
  - 4 = Kleur en illustrasies is uitstekend gebruik en beeld die inhoud treffend uit.

5. Is die produk wat jou maat geadverteer het, werklik uniek en oorspronklik? Gee 'n punt vir oorspronklikheid aan die hand van die volgende kriteria:

1 = Nie oorspronklik nie.

2 = Redelik oorspronklik.

3 = Baie oorspronklik.

4 = Absoluut oorspronklik en uniek.

Tel nou al bostaande punte bymekaar en gee vir jou maat 'n punt uit 20. Gesels met jou maat oor die punte wat jy toegeken het en verduidelik waarom jy die punte toegeken het.

Werk jou maat se persentasie uit en dui die presentasie wat behaal is, aan.

<b>Prestasiekode</b>	<b>Beskrywing van vaardigheid</b>	<b>Punte %</b>
7	Uitmuntende prestasie	80–100
6	Verdienselike prestasie	70–79
5	Beduidende prestasie	60–69
4	Voldoende prestasie	50–59
3	Matige prestasie	40–49
2	Basiese prestasie	30–39
1	Ontoereikende prestasie	0–29

# Onderwyserassessering van leesvaardighede

Naam van leser: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

Gebruik die volgende en beoordeel volgens onderstaande kriteria:

Prestasiekode	Beskrywing van vaardigheid	Punte %
7	Uitmuntende prestasie	80–100
6	Verdienselike prestasie	70–79
5	Beduidende prestasie	60–69
4	Voldoende prestasie	50–59
3	Matige prestasie	40–49
2	Basiese prestasie	30–39
1	Ontoereikende prestasie	0–29

Kriteria	Punt uit 7
• Word woorde korrek uitgespreek?	
• Verstaan die leerder dit wat gelees is?	
• Lees die leerder vloeiend en vlot?	
• Is die leerder duidelik hoorbaar?	
• Word sekere woorde beklemtoon en die tempo afgewissel?	
• Word gesigspel en oogkontak gebruik om die teks te verlewendig?	
<b>Groottotaal uit 42</b>	

Verwerk punt soos verlang: \_\_\_\_\_ uit \_\_\_\_\_.

Notas:

---

---

---

---

---

---

---

---

\_\_\_\_\_  
Handtekening van onderwyser

\_\_\_\_\_  
Datum



## Informele selfassessering: Opsomming

Naam en van: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

Is die volgende instruksies nagekom?

<b>Instruksies:</b>	<b>Ja / Nee</b>
Het jy die teks 'n paar keer aandagtig deurgelees?	
Het jy die kerngedagtes puntsgewys neergeskryf?	
Het jy jou opsomming in een paragraaf gedoen?	
Het jy eers op rof en later korrek oorgeskryf?	
Het jy in volsinne geskryf?	
Het jy jou opsomming 'n opskrif gegee?	
Het jy aangedui hoeveel woorde jy gebruik het?	
Het jy by die lengtebeperking van tussen 70 en 80 woorde gehou?	



## Kontrolelys vir 'n formele brief (bv. dekbrief en CV)

Skrywer se naam: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

### Pre-skryf:

Beantwoord die volgende vrae eerlik:

**Ja /Nee**

Het jy in die <i>Studiegids</i> gaan kers opsteek oor hoe 'n formele brief geskryf word?	
Het jy deeglik beplan en 'n diagram saamgestel wat die kerngedagtes bevat?	

### Hersiening, redigering, proeflees, aanbieding:

Het jy jou brief geredigeer na jou eerste poging?	
Het jy albei adresse korrek gedoen?	
Daar moet geen leestekens in die aanhef, adres en slot wees nie. Is joune korrek?	
Is jou aanhef en afsluiting korrek?	
Het jy 'n inhoudsopskrif na die aanhef?	
Het jou brief 'n inleiding, liggaam en slot?	
Het jy jou brief formeel afgesluit deur jou titel, voorletters en van te gee?	
Is jou brief logies, duidelik en op die man af?	
Is die taal wat jy gebruik het, nugter en formeel?	
Is daar 'n punt na elke sin? Let ook op dat die ander leestekens korrek gebruik word.	
Is alle woorde korrek gespel? As jy twyfel, slaan dit in die woordeboek na.	
Kontroleer of die brief in duidelike paragrawe geskryf is.	
Korrigeer ook sinsboufoute indien daar enige is.	
Het jy jou brief oorgeskryf en alle foute reggemaak?	
Is jy tevrede met die brief wat jy geskryf het?	



## Informele maatassessering van brief aan pers

Skrywer se naam: \_\_\_\_\_

Maat se naam: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

### Redigering

Lees jou maat se brief aandagtig deur. Gebruik 'n potlood om die volgende te doen.

1. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelwyse bo die foutiewe woord neer. As jy onseker is oor die spelling van woorde, slaan dit in 'n woordeboek na.
2. Kontroleer jou maat se leestekengebruik. Eindig elke sin met 'n punt? Is al die kommas ingevul? Word daar van aandagstrepe gebruik gemaak om aandag op belangrike inhoud te vestig? Dui aan.
3. Korrigeer ook sinsboufoute indien daar enige is.
4. Kontroleer of die paragrafering van die brief korrek is. Dui met hakies aan indien paragrawe verkeerd ingedeel is.
5. Omkring geykte woorde waar 'n meer gepaste sinoniem of beskrywing die skryfstyl kan verbeter.

Voltooi die volgende vraelys. Beantwoord die vrae deur 'n regmerk in die toepaslike blok te maak.

Kriteria	Glad nie gedoen nie	Gedeeltelik uitgevoer	Goed uitgevoer
Is die twee adresse korrek?			
Is die brief gerig aan die redakteur?			
Is die aanhef korrek? (Geagte Meneer / Me.)			
Het die brief 'n treffende opskrif en is die opskrif onderstreep of skuins of in hoofletters geskryf?			
Het jou maat nugter geskryf sonder om emosioneel betrokke te raak?			
Is die inligting logies georden?			
Is die brief korrek afgesluit?			

Skryf neer wat in die brief vir jou goed was en waarvan jy gehou het: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Skryf neer wat in die brief jou gepla het en watter foute hinderlik was sodat jou maat dit in die toekoms kan uitskakel:

---

---

---

---

---

Gee nou die brief aan die pers vir jou maat terug. Hy of sy doen alle korreksies en skryf die brief oor. Albei die skryfstukke moet ingehandig word. Proseskryf word dus toegepas.

Die onderwyser assesseer die brief deur na die **inhoud** sowel as die **taalgebruik** op te let. Gebruik die algemene assesseringsrubriek vir die doel.



# Algemene rubriek vir assessering van 'n voorbereide toespraak

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

<b>Kriteria</b>	<b>Moontlike punte</b>	<b>Punte behaal</b>
<b>Inhoud</b>		
Trefkrag van inleiding	10	
Kennis van onderwerp	10	
Logiese beredenering	10	
Taalgebruik (verstaanbaar, gehoorvriendelik, skeppend en onpretensieus)	10	
Oorredingsvermoë en trefkrag in slot	10	
<i>Totaal van inhoudelike</i>	<i>50</i>	
<b>Aanbieding</b>		
Stemkwaliteit (duidelik hoorbaar)	10	
Houding en gebare	10	
Tempo, beklemtoning en afwisseling	10	
Entoesiasme en selfvertroue	10	
Kontak met die gehoor	10	
<i>Totaal van aanbieding</i>	<i>50</i>	
<b>Groottotaal van toespraak</b>	<b>100</b>	

Verwerk punte na die verlangde totaal: \_\_\_\_\_

Repliek op die toespraak en wenke aan die leerder: \_\_\_\_\_

---

---

---

---

---

---

---

---

\_\_\_\_\_  
Onderwyser se handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

# Informele maatassessering van langer skryfstuk

Skrywer van skryfstuk: \_\_\_\_\_

Evalueerder van skryfstuk: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

Jy gaan nou jou maat se skryfstuk regmaak en evalueer.

Dit het 'n tweeledige doel:

- Jy gaan help om jou maat se skryfstuk te verbeter.
- In die proses gaan jy self ook baie leer.

## Beplanning

Bestudeer jou maat se beplanning van die skryfstuk. Het jou maat goed beplan? Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie:

My maat het glad nie beplan nie. 'n Paar hoofgedagtes is nadat die skryfstuk voltooi is, neergeskryf.	My maat het beplan, maar nie deeglik nie. Die skryfstuk stem nie ooreen met die beplanning nie.	My maat het goed beplan. Daar is duidelike orde in die beplanning.	My maat het uitstekend beplan en het die beplanning gebruik as riglyn vir die skryfstuk.
---	---	--	--

Lees nou jou maat se skryfstuk 'n paar keer aandagtig deur.

1. Doen jou assessering altyd met 'n **potlood**.
2. **Nommer** al die **paragrafe** van die skryfstuk.
3. **Onderstreep** nou alle **spelfoute** wat in die skryfstuk voorkom.

As jy onseker is oor die spelling van sekere woorde, moet jy dit naslaan in die woordeboek. Hierdie redigering sal julle albei help. Skryf die korrekte spelling van die foutiewe woorde in die onderstaande blokkie neer:

Die skrywer van die skryfstuk moet bostaande woorde se spelling leer en nie weer dieselfde foute maak nie.

**Omkring** alle woorde waar **woordgevoeligheid** toegepas kan word. Omkring geykte woorde waar gepaste sinonieme 'n groot verskil kan maak en die skryfstuk kan verbeter.

Geykte woorde	Meer gepaste sinonieme

Het jou maat gebruik gemaak van die volgende **skryfegnieke** om sy of haar skryfstuk meer interessant te maak?

- sintuiglike beskrywings
- vergelykings
- idiome, idiomatiese uitdrukkings of spreuke

Indien jy “nee” op enige van die punte hierbo geantwoord het, voltooi die volgende:

Paragraaf- nommer	Skryf gepaste vergelykings, idiome of spreuke neer wat jou maat kon gebruik het:

Is die **leestekens** in die skryfstuk korrek gebruik? Dui die leestekenfoute in onderstaande blokkie aan:

--

Ek evalueer hierdie skryfstuk as volg:

Uitstekend	Baie goed	Goed	Gemiddeld	Kort aandag
------------	-----------	------	-----------	-------------

# Informele maatassessering van koerantberig

Skrywer se naam: \_\_\_\_\_

Naam van assesserder: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

## Redigering

Lees die berig deeglik en met aandag deur. Gebruik 'n potlood om die volgende te doen.

1. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelwyse bo die foutiewe woord neer.
2. Kontroleer of alle leestekens ingevul is. Korrigeer waar nodig.
3. Korrigeer ook sinsboufoute indien daar enige is.
4. Kontroleer of die paragrafering van die berig korrek is. Dui met hakies aan indien paragrawe verkeerd ingedeel is.

## Vraelys

Voltooi die volgende vraelys.

Beantwoord die volgende vroe deur 'n regmerk in die toepaslike blok te maak.	Glad nie uitgevoer nie	Gedeeltelik uitgevoer	Goed uitgevoer
Het die berig 'n treffende oorspronklike opskrif?			
Het die berig 'n treffende inleidingsin wat die vroe <i>wie?</i> <i>wat?</i> <i>waar?</i> en <i>wanneer?</i> beantwoord?			
Het jou maat nugter geskryf sonder om emosioneel betrokke te raak?			
Is die inligting logies georden?			

Beoordeel jou maat se berig deur na die **inhoud** sowel as die **taalgebruik** op te let. Merk ooreenkomstig af in die toepaslike blokkie:

1	2	3
Dit is 'n treffende berig wat die aandag trek en al die nodige inligting bevat.	Dit is 'n goeie berig met hier en daar tekortkominge.	Dit is 'n berig waarvan die inhoud karig en onsamehangend is.

Skryf neer wat in die berig jou beïndruk het en waarvan jy gehou het:

---

---

Skryf neer wat in die berig jou gepla het en watter foute hinderlik was sodat jou maat dit in die toekoms kan uitskakel:

---

---

# Informele onderwyserassessering van digkuns

Naam van leerder: \_\_\_\_\_

Datum van assessering: \_\_\_\_\_

Leerder se punt behaal: \_\_\_\_\_ uit 30 = \_\_\_\_\_ %

Dui aan waar van toepassing:

✓	Punte behaal uit 30	Persentasie	Beskrywing
	0 tot 8	0% – 29%	Ontoereikende prestasie
	9 tot 11	30% – 39%	Basiese prestasie
	12 tot 14	40% – 49%	Matige prestasie
	15 tot 17	50% – 59%	Voldoende prestasie
	18 tot 20	60% – 69%	Beduidende prestasie
	21 tot 23	70% – 79%	Verdienselike prestasie
	24 tot 30	80% – 100%	Uitmuntende prestasie

Voltooi indien van toepassing:

<input type="checkbox"/>	Leerder het nie die opdrag voltooi nie.	<input type="checkbox"/>	Leerder was afwesig met rede.
--------------------------	---	--------------------------	-------------------------------

Nadat jou antwoordstel nagesien is, dui aan watter van die volgende digterlike aspekte jy nog nie verstaan nie:

✓	Kriteria
	As jy vraag 1 verkeerd het, verstaan jy nog nie <b>kontraswerking</b> nie.
	As jy vraag 2 en 4 verkeerd het, moet jy die funksie van die <b>aandagstreep en dubbelpunt</b> naslaan.
	As jy vraag 3, 16 en 17 verkeerd het, ken jy nog nie die <b>uitheffingstegnieke</b> nie.
	As jy vraag 5 verkeerd het, ken jy nog nie <b>halfrym (alliterasie en assonansie)</b> nie.
	As jy vraag 6 verkeerd het, ken jy nog nie die <b>rymskema</b> en <b>rympatroon</b> nie.
	As jy vraag 7 en 11 verkeerd het, kan jy nog nie <b>personifikasie</b> uitken nie.
	As jy vraag 8 verkeerd het, ken jy nie <b>sinestesie</b> (die vermenging van sinuïglike waarneming) nie.
	As jy vraag 10 verkeerd het, ken jy nog nie <b>klanknabootsing</b> nie.
	As jy vraag 13 en 20 verkeerd het, ken jy nog nie die beeldspraak <b>vergelyking en metafoor</b> nie.
	As jy vraag 14 verkeerd het, moet jy aandag gee aan <b>woordspeling</b> en hoe dit gebruik word.
	As jy vraag 19 verkeerd het, verstaan jy nog nie wat <b>tipografie</b> behels nie.
	As jy vraag 9, 12, 15 en 18 verkeerd het, toon jy nog nie <b>begrip</b> van 'n gedig nie.

Slaan dié leerstof wat jy nog nie verstaan nie in die *Studiegids* na.

\_\_\_\_\_  
Onderwyser se handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum



## Algemene assesseringsrubriek vir literêre opstel

<p><b>Inhoud: 12</b> Vertolking van onderwerp. Diepte van argument, motivering en begrip van voorgeskrewe werk</p>	<p><b>Struktuur en taal: 8</b> Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Taal, toon en styl in opstel gebruik.</p>
<p><b>Kode 7: 80% – 100%</b> <b>Uitmuntend: 10 tot 12 punte</b> Diepgaande vertolking van onderwerp, alle aspekte volledig verken. Uitstekende respons. Verskeidenheid treffende argumente, volledig uit teks gestaaf. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.</p>	<p><b>Kode 7: 80% – 100%</b> <b>Uitmuntend: 7 tot 8 punte</b> Opstel met 'n samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot. Argumente goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, styl en toon volwasse, indrukwekkend, korrek.</p>
<p><b>Kode 6: 70% – 79%</b> <b>Verdiensielik: 9 punte</b> Bogemiddelde vertolking van onderwerp, alle aspekte goed verken. Volledige respons. Verskeidenheid argument goed uit teks gestaaf. Baie goeie begrip van genre en teks.</p>	<p><b>Kode 6: 70% – 79%</b> <b>Verdiensielik: 6 punte</b> Opstel goed gestruktureerd. Goeie inleiding en slot. Argument en gedagtegang maklik om te volg. Taal, styl en toon korrek en geskik vir doel. Goeie aanbieding</p>
<p><b>Kode 5: 60% – 69%</b> <b>Beduidend: 8 punte</b> Toon begrip en onderwerp goed vertolk. Redelik volledige respons. Sommige goeie argumente, maar nie almal goed genoeg gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.</p>	<p><b>Kode 5: 60% – 69%</b> <b>Beduidend: 5 punte</b> Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding en slot en ander paragrawe samehangend georganiseer. Gedagtegang kan gevolg word. Taal, styl en toon grootliks korrek.</p>
<p><b>Kode 4: 50% – 59%</b> <b>Voldoende: 6 of 7 punte</b> Redelike begrip van onderwerp, nie alle aspekte volledig verken nie. Sommige goeie punte ter staving van onderwerp. Die meeste argumente gemotiveer, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.</p>	<p><b>Kode 4: 50% – 59%</b> <b>Voldoende: 4 punte</b> Bewyse van struktuur. Opstel ontbreek 'n goeie gestruktureerde logiese vloei en samehang. Taal foutie minder belangrik. Toon en styl meestal geskik. Paragrafering meestal korrek.</p>
<p><b>Kode 3: 40% – 49%</b> <b>Matig: 5 punte</b> Baie gewone, middelmatige poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepgaande begrip in reaksie op onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en min motivering uit teks. Leerder begryp nie genre of teks ten volle nie.</p>	<p><b>Kode 3: 40% – 49%</b> <b>Matig: 3½ punte</b> Beplanning van struktuur toon leemtes. Argumente nie logies gerangskik nie. Taal foutie duidelik. Toon en styl nie geskik vir akademiese doel nie. Paragrafering foutief.</p>
<p><b>Kode 2: 30% – 39%</b> <b>Basies: 4 punte</b> Swak begrip van onderwerp. Respons herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argument nie, foutiewe vertolking. Argumente nie uit teks gemotiveer nie. Baie swak begrip van teks en genre</p>	<p><b>Kode 2: 30% – 39%</b> <b>Basies: 3 punte</b> Swak aanbieding en gebrek aan beplande struktuur, belemmer vloei van argumente. Taal foutie en foutiewe styl lei daartoe dat opstel grootliks onsuksesvol is.</p>
<p><b>Kode 1: 0% – 29%</b> <b>Ontoereikend: 0 tot 3 punte</b> Respons toon 'n mate van aansluiting by die onderwerp, maar argumente moeilik om te volg of grootliks irrelevant. Swak poging om vraag te beantwoord. Die paar toepaslike punte is glad nie uit die teks gemotiveer nie. Baie swak begrip van teks en genre</p>	<p><b>Kode 1: 0% – 29%</b> <b>Ontoereikend: 0 tot 2 punte</b> Moeilik om te bepaal of daar oor onderwerp geskryf is. Geen bewyse van beplande struktuur of logika nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal, foutiewe styl en toon.</p>

## **Rubriek vir korter transaksionele skryfstukke**

Sien afsonderlike dokument

## **Rubriek vir langer skryfstukke**

Sien afsonderlike dokument